## 12 Januarie — Sagaria 4

### *Wie verag die dag van klein dinge?*

Hierdie baie belangrike woorde wys op die heropbou van die tempel en dit is asof die Here aan sy volk wil sê: Ek, die almagtige God, het besluit om hierdie werk te doen! Wie sal dit dan kan verag? Baie van die Jode het die werk wat reeds gedoen was, soos die fondamente wat gelê is, verag omdat dit soveel minderwaardiger was as wat die eerste tempel se fondamente was. Hulle vyande het die mure verag, want daar staan in Nehemia 4:3: As 'n jakkals daarteen opspring, sal hy hulle klipmuur omgooi.

Maar as die Here werk, mag ons nie die klein dingetjies minag nie, want Hy gebruik dikwels juis die klein dingetjies om groot dinge in ons lewens te laat gebeur. Dink maar aan die klip wat in Nebukadnesar se droom die groot beeld fyngestamp het. Dink aan die nederige geboorte van ons Here en Verlosser, Jesus Christus, daar in 'n stal in Bethlehem. Wat sou gebeur het as ons Hugenote-voorvaders tou opgegooi het, omdat hulle so min was? Of die Hervormers?

Ons moet waak teen hoogmoed in die geloof, want God het ook die swakste gelowige lief. Ons moet liewer die Here dank dat Hy in hierdie mens se lewe, al is dit nog klein, begin werk het en die saad van die geloof ingeplant het en dit kan begin groei. Wie verag die dag van klein dinge? Dit mag ons nooit vergeet nie, want wat groot is in die oë van die wêreld, is dikwels klein in God se oë. Waarlik, ons het niks waarop ons kan roem nie.

Sing: Psalm 68:1 — Ds. H.J. Venter (Bethal)